



Nege Politieke Gevangenes Dalk Losgelaat

Die regering het glo besluit om nege van die elf politieke gevangenes wat nog in die Baviaanspoort-kamp aangehou word, met tussenposes vry te laat. Alleen Hendrik van Blerk en sy makker Julian Visser wat lewenslange vonnisse uitdien, kom beslis nie in aanmerking vir hierdie vrylating nie.

Hierdie vrylating sou die besluit wees van die waarnemende Minister van Justisie, dr. C. F. Steyn. Na verwag word sal die gevangenes twee-twee met tussenposes van veertien dae vrygelaat word.

Die twee wat eerste in aanmerking kom vir vrylating is Willie en Roelf Botha wat tydens Desember 1945 veroordeel is. Hulle het vrylating in 1949 en 1951 onderskeidelik verwag. Die ander politieke gevangenes wat waarskynlik vrygelaat sal word, is Frederick Fourie, Gideon Kotze, Coert Louw, Barend de V. Pelzer, Dawid Scribante, Johann van der Wat en Jacobus van Heerden.

Robey Leibbrandt wat onlangs na sy hongerstaking na die Baviaanspoort-kamp oorgeplaas is, se posisie is nog nie opgeklaar nie. Na verwagting sal hy ook nie vrygelaat word nie.

Aftakeling Van Britse Vloot Nou Aangekondig

Brittanje is genoodsaak om sy tuisvloot wat die Ryk in stand moet hou, drasties in te kort. In plaas van vyf slagskepe, twee slagkruisers, twee vliegtuigdraers, ses kruisers, 28 torpedojagers, vyf duikbote en 19 ander skepe, sal die Britse tuisvloot uit 'n vlootjie van een kruiser en vier torpedojagers bestaan.

Die res van die vloot sal buite aksie gestel word. Reeds sowat 500 Britse oorlogsskepe is tot die reserwemag oorgeplaas.

Die vegeenhede van die Britse vloot word ook oral ingekort en die bemannings van die skepe sal gedemobiliseer word.

Met hierdie stap het Brittanje 'n nog dikkere streep onder die feit getrek dat hy vandag 'n derderangse moondheid is wie se woorde geen gesag in die raadsale van die wêreld kan dra nie omdat hy nie meer in staat is om dit met militêre mag te handhaaf nie—(Sapa-Reuter.)

Volg Sy Voetspore

Die gees van Paul Kruger leef in die harte van die jong Afrikaners van hierdie O.B.-afdeling wat ritmies marsjeer. Hulle is in aantog na die Krugerbeeld.

Britte Gaan Palestina Ontruim

Brittanje het sy standpunt oor Palestina aan die Verenigde Volke gestel. Die Britse minister van kolonies het verklaar: „My regering wil dit bo enige twyfel en dubbelsinnigheid duidelik stel dat dit nie alleen ons besluit is om die mandaat op te hef nie, maar dat ons binne 'n beperkte tydperk sal terugtrek.”

'N NUWE POLITIEKE PARTY is in Natal in wording. Sy stigter is eerw. C. F. Miles-Cadman, L.V. Besonderhede is nog nie bekend gemaak nie. Eerw. Miles-Cadman het aangekondig dat die party die V.P. sal beveg in 'n aantal setels, veral in Natal.



BOEREDOGTERS LEI KLEURVOLLE OPTOG NA KRUGERBEELD

PRETORIA.—Die Ossewabrandwag het vanjaar weer in groot getalle delgeneem aan die huldiging van pres. Kruger in Pretoria. Lede van die Ossewabrandwag het minstens driekwart van die indrukwekkende optog na die monument uitgemaak. Die optog is oral luid deur die publiek toegejuig.

Die optog is gelei deur 'n speerpunt van Boeredogters in hulle netjiese Boeredogtersdrag, enig van sy soort, met wapperende O.B.-vlae, gevolg deur die Boerejeugorkes van Brits.

Onmiddellik hierop het 'n afdeling van die dames-kommandowag gevolg, almal in witrokke

gekleed. Die Kommandant-Generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en Jeugleier, prof. Dirk van Rooy, vergesel van ander hoë offisiere het hierop gevolg. Afdeling na afdeling: seuns en dogters, vroue-offisiere en brandwagte, mans-offisiere en brandwagte het in geledere van drie gevolg.

Die kommandowag (mans) het die optog, in enkel gelid, weerskante gedek.

Marais al die deelnemers bedank het vir hulle opkoms het hy die woord aan die K.G. gegee.

Die K.G. het die aanwesiges kortliks toegesprek en het o.a. gesê dat „die Ossewabrandwag hulde bring aan die nagedagtenis van President Kruger omdat hy die beliggaming was van die verset teen die Britse Empire.”

AFGESKEEP

Hy het hieraan toegevoeg: „Dit spyt my egter dat dit nodig is om te verwys na die stiefmoederlike behandeling wat die O.B. die afgelope paar jaar van die kant van die amptelike Feeskomitee te beurt geval het, en wel omdat dit sogenaamd 'n „politieke liggaam” sou wees. Dit is waarskynlik om klem te laat val op die nie-politieke aard van die verrigtinge dat die Feeskomitee twee parlementêre lede uitgenooi het om as sprekers op te tree; albei — onnodig om te sê — lede van dieselfde politieke party.”

Die verrigtinge is afgelei met die sing van die Stan van Suid-Afrika. (Korr.)

Op Die Voorpunt

TOEJUIGING

Luide toejuiging het van die



'n Afdeling van die Ossewabrandwag se Boeredogters, geklee in hul tipiese boeredrag, lei die groot optog deur die strate van Pretoria na die Krugerbeeld. Hulle is orals spontaan toegejuig.

massa toeskouers gekom toe die Ossewabrandwag se optog die terrein van verrigtinge bereik het, ook van die toeskouers al langs Paul Krugerstraat. Wat veral aandag getrek het was die Boeredogters in hulle netjiese sisrokkies, en wit kappies.

Hierna het die kranslegging gevolg: Een namens die Ossewabrandwag gelê deur die K.G. en een namens die Boerejeug gelê deur die Jeugleier. Die optog het hierna weer netjies in gelid na die stadsaal gemarsjeer, gevolg deur 75% van die massa by die standbeeld. Na gen. J. F.

Posterye Moet Hervorm Word

Ingrypende en dringende noodsaaklike veranderinge in die organisasie van die posterye in Suid-Afrika is deur mnr. J. W. Mushet, Minister van Pos en Telegraafwese, in die vooruitsig gestel. Hy is van voorneme om die kabinet te versoek om 'n kommissie aan te stel om die hele saak te ondersoek. Die tyd het aangebreek dat die poskantoor vrygestel word van beheer deur die Departement van Finansies, het hy op Aliwal-Noord verklaar. Die huidige stelsel is verouderd en strem die ontwikkeling van die land.

Nie-Blankes Gaan Kommuniste Uit Vakbonde Weer

'n Besluit om die Kommuniste uit die geledere van die nie-blanke vakbonde uit te sluit, is deur 23 afgevaardigdes van georganiseerde natuurlike-vakbonde geneem. Ses-en-twintig van die agt-en-dertig georganiseerde vakbonde het hulle steun aan die beweging toegesê.

Die kongres wat op 12 Oktober in Johannesburg vergader het, het 'n raad gestig wat bekend sal staan as die Transvaalse Raad van Nie-Blanke Vakbonde.

Een van die ondersteuners van die poging om die Kommuniste vir goed uit die nie-blanke vakbonde te dryf, D. K. Mfili, het verklaar dat hulle na apartheid strew, en dat hulle 'n aparte natuurlike-arbeidsorganisasie wil hê. Die Kommuniste wil hulle by name uit die vakbonde weer.

Na sprekers beweer het, word die bestaande Raad van Natu-

relle-vakbonde oorheers deur kommunistiese invloed.

'n Ander leier van die beweging, C. Phofu, het verklaar dat die tyd van die Kommuniste in die nie-blanke-vakbonde verby is. Die Kommunistiese party moet tot in sy graf beveg word. Hy het verder voorspel dat die kommunisme oor ses maande nie meer in die nie-blanke-vakbonde sal leef nie.

Vroeg aanstaande jaar sal 'n konferensie van nie-blanke-vakbonde gehou word om die saak verder te voer.

Maatskappyvergadering

Asokor Beperk se Jaarverslag
Nog 'n Jaar Van Groot Vooruitgang

DIE Voorsitter van Asokor Beperk het die aanwesige lede op die jaarvergadering wat op 24 September 1947 gehou is, as volg toegesprek:

£250,000 INGESKRYWE

Die afgelope jaar wat op 30/6/1947 geëindig het, sal in die geskiedenis van Asokor bekend staan as die jaar waarin die Maatskappy groot vooruitgang gemaak het; veral kan daar gesê word dat Asokor sy kapitaalposisie baie versterk het. Die vinnige opname van die aandeel lewer getuies van die vertroue wat die publiek, en veral die boere, in ons groot onderneming stel. Die volgende besonderhede is insigwend: Op 30 Junie was 119,620 aandeel ingeskrywe, maar in minder as drie maande na dié datum is al ons aandeel opgeneem, en wat aanmoedigend is, is die feit dat meer as 90 persent van dié aandeel ten volle opbetaald is. Die eerste uitgifte, soos u weet, is reeds ten volle ingeskrywe.

Dit sal nie onvanpas wees nie as ek hier klem lê op die noodsaaklikheid dat 'n maatskappy wat hom op die bemerking van slagvee en die distribusie van vleis toelê, kapitaalkragtig moet wees. Maatskappye wat in dié bedryf met min kapitaal sake wil doen, stel nie net homself in gevaar nie, maar skep 'n openbare gevaar wat op die duur baie nadelige gevolge kan uitoefen. In hierdie verband wil ek ook daarop wys dat die hantering van vleis uit drie prosesse bestaan, nl. bemerking van slagvee, bewerking en distribusie van vleis. Om die volle voordeel vir produsent en verbruiker te skep, moet die prosesse gelyktydig deurgevoer word. Deur dit te skel kan die produsent nooit beheer oor die totale bemerkingsproses van sy produkte uitoefen nie, en minder kan dit hom skakel met die verbruiker.

KAPITAALBEHOEFTE

Dit is die beleid van ons Maatskappy om die hele bemerkingsproses deur te voer—'n beleid wat op die oomblik met groot sukses toegepas word en wat goeie geldelike voordele aan ons aandeelhouders besorg, afgesien nog van die diens wat aan produsente en verbruikers gelewer word. Maar daar lê nog 'n groot veld braak waarvoor ons meer kapitaal nodig het, en aangesien ons uitgereikte aandeel nou ten volle opgeneem is, gaan ons u toestemming vra om die kapitaal van u Maatskappy tot £400,000 te verhoog, d.w.s. met 'n verdere 150,000 gewone aandeel van £1 elk.

Soos ek reeds gesê het, is die aandeel van ons Maatskappy winsgewend en daarby veilig, en omdat ons sake in lewensnoodsaaklikhede doen, behoort 'n derde uitgifte vinniger opgeneem te word as die vorige. Die diwidend wat vanjaar verklaar word, behoort maklik gehandhaaf te word wat die toekoms aanbetref.

Voordat ek oorgaan tot die bedrywighede van ons filiaal-maatskappye, is dit van belang om te weet dat ons diwidende ten bedrae van £14,216 4s. op ons aandeelbeleggings ontvang het, of 26.5 persent op die totale belegde bedrag. Ons het reeds £173,390 belê in ons eie filiale in die vorm van aandeel, lenings en voorskotte. Oor hierdie bedrag oefen ons volle beheer uit. Ons rente-inkomstes het dié van die vorige jaar met iets meer as 50 persent oortref. Oprigtingskoste bedra minder as 7 persent, en vanjaar is 'n begin gemaak met die afskrywing daarvan. £2,500 is vir die doel gebruik. Alle beskikbare winste is tot dusver vir die ontwikkeling van die Maatskappy gebruik, maar met die opbou van reserwes sal nou 'n begin gemaak word.

FILIAALLIGGAME

Die belangrikste filiaal van Asokor Beperk is Karroo-Vleisbeurs, Beperk, en om onder die indruk van sy belangrikheid te kom, noem ons die Maatskappy se omsetsyfers in vergelykende volgorde:

1944/45 ...	£966,346	17s. 2d.
1945/46 ...	£1,392,241	16s. 6d.
1946/47 ...	£1,835,732	13s. 0d.

Die toekomsmoontlikhede van hierdie filiaal is groot, en ek sê dit op grond van die feit dat die uitgebreide maatreëls

ASOKOR
BEPERK

'n Diwidend van 7
persent is vir die boek-
jaar geëindig 30 Junie
1947 verklaar.

'n Nuwe uitgifte van
150,000 aandeel van
£1 elk is reeds aan-
gekondig.

wat gedurende die afgelope maande getref is, reeds vrugte afwerp. Die gedagte van diens aan produsent sowel as verbruiker vorm die botoon in hierdie organisasie van ons. Koelkameruitbreidings, modern in alle opsigte, word geleidelik deur ons onderneem.

Gevestigde belange en ander mededingende organisasies veroorsaak wel teenkating, maar die doelstellings van ons Maatskappy is sodanig dat die ontwikkeling vertraag, dog geensins belet word nie. Die grondstelling, nl. dat die enigste ware belanghebbendes by die bemerking van vleis en ander produkte die produsent en verbruiker is, is onaantasbaar.

AGENTSAPDIENS

Ek wil weereens die aandag daarop vestig dat dit niks baat om in die vleishandel blote agentskapsdiens te lewer nie. Dit is nie betalend en van geen betekenis indien dit nie aan 'n eie verwerkings- en distribusie-organisasie verbind is nie. Ons inkomste uit die agentskapsafdeling verteenwoordig slegs 3 persent van die totale inkomste van ons Maatskappy! Die totale weeklikse vleisbenodigdhede net op die Rand is 6,259,000 pond. Hier- van hanteer ons slegs 'n geringe persentasie, en dat daar groot opening vir produsente- en verbruikersorganisasies bestaan, kan nie betwyfel word nie.

Karroo-Vleisbeurs, Beperk, bestaan alreeds uit 25 vertak- kings, en alger werk op 'n winsgewende basis.

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die noodsaaklikheid van onder- linge samewerking tussen boere- organisasies te beklemtoon. Aan gewilligheid om saam te werk ontbreek dit nie aan die kant van Asokor nie.

Die batelys van K.V.B. bedra £153,286 13s. 2d. In hierdie ver- band kan ons melding maak van die feit dat nougesette beheer uitgeoefen word oor die verlening van krediet, en ons kan met veiligheid verklaar dat genoegsame voorsiening teen slegte skulde gemaak is.

VLEISVERWERKING

Met betrekking tot ons ander filiaal-maatskappye noem ons die volgende besonderhede:

„Pietersburg Cold Storage, Ltd.”:

Die jaarlikse omset van die P.C.S. oorskry reeds £160,000 en die geleentheid om die saak te ontwikkel is groot, maar beheer- maatreëls lê nog beperkings op ons. Die direksie oorweeg tans die modernisering van die spek- en hamfabriek. Nuwe masjienerie is reeds bestel. Gedurende die afgelope jaar is op Pietersburg 1,089,136 pond beesvleis en 1,687,177 pond vark- vleis (dooie gewig) hanteer. Groot hoeveelhede van die bewerkte produkte word deur ons eie organisasie versprei. Die vestiging van fabriek vorm deel van die beleid van ons onderneming, en op Pieters- burg sowel as in Bloemfontein word baanbrekerswerk verrig. 'n Interim-diwidend van 15 persent is deur die Maatskappy verklaar, wat ons as uiters bevredigend beskou.

Karroo-Produktebeurs, Beperk:

Tans is ons ook besig om die

bemerking en verspreiding van groentes te onderneem, maar dit is 'n bedryf wat uitgebreide organisasie verg, en die vesti- ging daarvan sal waarskynlik 'n lang tyd duur.

Huide en Velle:

Die voorbereiding van huide en velle vir uitvoer is 'n ander afdeling waaraan u direksie tans aandag bestee. Die ideaal is om die velle en huide wat afkomstig is van slagvee wat aan die sorg van ons eie organi- sasie toevertrou is, te bewerk, en uit te voer om dan sodoende die maksimum waarde vir die produk te probeer verkry.

Ons het die jaar alreeds 'n omset van £100,000 oortref. Groot moeilikhede word egter ondervind met die verkryging van pakhuisgeriewe. Die moont- likhede is groot, en indien die nodige kapitaal beskikbaar ge- stel word, kan die departement spoedig in 'n lonende onderne- ming omskep word. 'n Wins vanjaar van £3,305 17s. 10d. is reeds aangeteken, wat ons as bevredigend beskou, aangesien die saak nog in sy kinderskoene staan.

Asokor Geboue Beperk is die Maatskappy wat ons geboue huisves. Sy inkomste bestaan uit huurinkomste, en 'n interim- diwidend van 30 persent is uit dié bron ontvang.

Die Merino Propaganda Maatskappy Beperk is die onderneming wat ons reklame- afdeling behartig, en die waarde van ons orgaan die „Merino” is onskatbaar. Deur middel van die blad bereik ons tans meer as 20,000 lesers, waarvan gevestigde boere minstens 95 persent verteenwoordig. Gedu-

Sakke Vir Oes

Suid-Afrika het genoeg goi- ingsakke vir 'n koringoes van tussen vyf- en ses miljoen sakke, het die Minister van Landbou verklaar. Die probleem is nog nie heeltemal opgelos nie, maar die toestand is heeltemal redelik, het hy gesê.

Die vereniging van Suid-Afri- kaanse Kammers van Koophandel het in Pretoria besluit dat hulle die regering sal versoek op 10 Oktober in plaas van die eerste Maandag in Oktober as openba- re vakansiedag te laat verklaar.

rende die afgelope jare het dit verskeie kere nodig geword om ons standpunt te stel teenoor ander gesigspunte, en as dit nie vir die „Merino” was nie, sou ons belange nie behoorlik gedien gewees het nie. Die „Merino” is 'n doeltreffende en ekonomiese propagandamedium vir al ons eie organisasies, sowel as vir ondernemings waarin ons belange het.

Die geldelike verslag is reeds aan u voorgelê, en dit doen my nou groot genoë om u te ver- soek om die aanbevelings daar- in bevat, goed te keur. Ek stel ook ten slotte voor dat die Balansstaat, Wins- en Verlies- rekening vir die jaar geëindig 30 Junie 1947, tesame met die bygaande verslae en ouditeurs- rapporte, goedgekeur word.

(Get.) GERARD BEKKER,
Voorsitter.

ASOKOR BEPERK, BLOEMFONTEIN
Wins- en Verliesrekening vir die twaalf maande tot 30 Junie 1947.

	£	s.	d.		£	s.	d.
Aan Koste van Administrasie, Waardevermindering afge- skryf, ens.	10,949	18	9	Per Brutowins, Administratiewe Foole, Diwidende en Rente	40,485	17	2
„ Netto Wins vir die jaar	29,535	18	5				
	40,485	17	2		40,485	17	2

Toeënieningsrekening.

	£	s.	d.		£	s.	d.
Aan Diwidend vir 1945/46	6,260	1	3	Per Saldo oorgebring op 1/7/1946	7,233	7	7
„ Reserwe vir Belasting	12,500	0	0	„ Saldo oorgebring op 1/7/1947	29,535	18	5
„ Oprigtingskoste Afskryf	2,500	0	0				
„ Saldo Oorgedra na Balans- staat	15,509	4	9				
	36,769	6	0		36,769	6	0

Ek verklaar dat bostaande rekening na my beste wete en oortuiging en volgens inligting aan my verstrek 'n juiste opgawe aantoon van die winste en verliese vir die tydperk vermeld.

(Get.) C. T. M. WILCOCKS,
Ouditeur.
Gesertifiseerde Publieke Rekenmeester
(Suid-Afrika).

BLOEMFONTEIN,
2 September 1947.

ASOKOR BEPERK
Balansstaat soos op 30 Junie 1947.

	£	s.	d.		£	s.	d.
Gemagtigde Aandeelkapitaal ...	250,000	0	0	Diverse Aandeelbeleggings en Voorskotte	204,605	3	9
Uitgereikte Aandeelkapitaal ...	219,620	0	0	Meubels, Voertuie, ens.	2,225	3	9
Opbetaalde Kapitaal	205,336	10	0	Oprigtingskoste	10,394	2	7
Krediteure	11,624	2	9	Kontant	30,459	6	11
Onopgeëiste Diwidende	123	8	6				
Reserwe vir Belasting	15,090	11	0				
Wins- en Verlies Verdelings- rekening	15,509	4	9				
	247,683	17	0		247,683	17	0

Ek het die boeke, rekeninge en bewysstukke van ASOKOR BEPERK nagesien vir die twaalf maande tot 30 Junie 1947, en ek verklaar hiermee:

- (1) dat daar behoorlik boek gehou is;
- (2) dat ek alle verlangde inligting en verduidelikings ontvang het; en
- (3) dat bostaande balansstaat na my mening na behore opgetrek is sodat dit 'n getroue en juiste weergawe toon van die toestand van die Maatskappy se sake na my beste wete, ooreenkomstig die verduidelikings wat aan my gegee is en soos aangetoon word deur die boeke van die Maatskappy.

(Get.) C. T. M. WILCOCKS,
Ouditeur.
Gesertifiseerde Publieke Rekenmeester
(Suid-Afrika).

BLOEMFONTEIN,
2 September 1947.

(Advt.)

KRUGERDAG

ELKE GESLAG MOET HELDE OPLEWER,' SÊ REDENAARS 10 OKTOBER MOET ERKEN WORD

„Die viering van Helderdag is gekoppel aan die naam van president Paul Kruger. Dit het 'n simboliese betekenis vir die Afrikanervolk,” het oud-regter C. L. Botha by geleentheid van die feesviering op Rawsonville, verklaar.

Spr. het verklaar dat net soos ons Engelse landgenote die verjaardag van koningin Viktoria vier as simbool van die roem van die Britse Ryk, net so vier die Afrikaners Helderdag op die geboortedag van Paul Kruger. Maar met hierdie verskil: in 'n land wat bewoonbaar gemaak en skoonmaak is deur ons voorouers moet ons Helderdag in die agterhoeke vier terwyl Victoria-dag—Empire Day—'n openbare feesdag is. Vir ons is dit 'n vernedering, het oud-regter Botha gesê.

Maar Helderdag moet nie net die erkenning van een held wees nie. Dit moet almal insluit—ook die onbekende burger wat beskeie sy plig gedoen het, en sy lewe opgeoffer het.

Dit moet ook die vroue en kinders insluit wat hul offers gebring het. Die monument van die eerste wêreldoorlog wat opgerig is vir die onbekende soldaat moet vir ons 'n voorbeeld wees.

MOET OFFERS BRING

Ons is geneig om op feesdae soos hierdie vroompraatjies te verkoop. Daardeur wen ons niks. Ons moet onthou dat elke geslag sy helde moet oplewer. Ons moet ook bereid wees om

offers te bring—veral nou dat die toekoms van die blanke ras op die spel is. Tensy die blankes saamstaan, kan ons Suid-Afrika nie red nie.

Ons moet ons Engelse medeburgers nader, nie om hulle stemme te vang vir 'n politieke party nie, maar om hul siele te kry vir Suid-Afrika. Dit is ook



Oud-Regter C. L. Botha.

hulle tuiste. Hulle moet nou besef dat dit hul enigste tuiste is. Ons kan dit alleen aan hulle

„VOLG ONS HELDE”

Die Afrikanervolk moet nie sy helde net met lippetaal eer nie maar ook met die daad volg, het genl. Max Smuts op Wellington verklaar toe hy as feesredenaar opgetree het tydens Krugersdagviering.

Spr. het verklaar dat 'n volk wat hom nie aan sy verlede steur nie, ten gronde sal gaan. Die Afrikanervolk het soos enige ander volk die reg om sy eie helde te vereer. Die dade van ons helde was van so 'n aard dat ons glad nie hoef te skroom om hulle dade weer voor die gees te roep nie. Dit is egter nie genoeg nie. „Tensy ons strewe om die voorbeeld van ons helde te aanvaar en dit uitleef is daar slegs ydelheid in ons feesvierings.” Dit baat niks as ons een maal per jaar fees vier en origens hul erfenis nie hoog hou nie.

GODSMAN

Genl. Smuts het verwys na president Kruger se loopbaan en gesê dat hy by uitstek 'n Godsmann en Boer was. Kruger het nie een ding voorgestaan en 'n ander ding uitgeleef nie. As dit ook maar van ons gesê kan word.

Ons het manne in ons volk nodig wat hulle sal beywer vir die volksaak sonder om enige gedagtes van eie belang te koester. As ons nie mense kan vind wat bereid is om te dien en offers te bring nie, dan help die feesvierings niks, het genl. Smuts ten slotte verklaar.

Kore wat deur mej. Elsie Strassberger afgerig en begelei is, het aan die verrigtinge deelgeneem.—(Korr.)

Besielende Funksie

SOEKMEKAAR.—Die O.B.-kommando alhier het op 27 September Fondsdag gehou. Die weer was werklik verskriklik koud gewees en ons het gevrees dat niemand sou opdaag nie, want elkeen wou maar net in sy eie huis bly.

Maar nieteenstaande dit was die opbrings £20. Dit kon baie beter gewees het, maar ons was bly om die som vir dié dag bymekaar te kry.

Genl. Japie Eloff was teenwoordig en het in die namiddag 'n baie besielende toespraak gelewer. Hy het ook verduidelik wat van ons verwag word, ingeval daar 'n verkiesing uitgeskrywe word.—(Korr.)

Middelburg Dra Sy Deel By

MIDDELBURG, TVL.—Die kommando's van Middelburg het deur middel van kollektelyste en verkopings die mooi bedrag van £37 vir O.B.-dag ingesamel.

Die organiseerders van die funksie is baie dankbaar vir die hulp en opoffering wat so baie brandwagte hulself getroos het. Veral verdien die hulp en ywer van 'n 75-jarige moeder, oud-komde. Jacobsz, wie se belangstelling en hulp nooit afneem nie, besondere vermelding. (Korr.)

leer deur eerlike en opregte handelwyse. Die verval van die Britse Ryk sal hiertoe bydra. Hulle moet glo dat ons nie anti-Brits is nie, maar alleen pro-Afrikaans.

SIT STRYD VOORT



Julian Dawid Visser



Hendrik Stefanus van Blerk

Gedurende die oorlog is die Empire se tronke in Suid-Afrika volgestop van Afrikanerseuns wat die moed van hul republikeinse oortuigings gehad het. Een na die ander het hulle hul vonnisse uitgedien. Ooreenkomstig die jongste gerugte dat nege van die elf politieke gevangenes losgelaat gaan word, sal waarskynlik net Julian Visser en Hendrik van Blerk in die tronk oorbly... maar hulle sal die stryd teen die Empire voortsit soos duisende kamerade dit buite die selle doen. Hulle is albei in Julie 1942 tot die dood veroordeel. Hulle vonnisse is later tot lewenslange straf verander.

OFFISIERE, AANDAG!

Die toespraak wat die K.G., dr. J. F. J. van Rensburg, by geleentheid van sy verjaardagviering in Pretoria gelewer het en wat sowel die O.B. se houding teenoor die Afrikanerparty uitsien as 'n voorlopige antwoord gee op die besluite rakende die O.B. wat op die jongste kongresse van die H.N.P. geneem is, is in pamfletvorm afgedruk en is verkrygbaar by alle Gebiedshoofkwartiere.

Sodra offisiere of brandwagte aansoek doen sal gratis 'n pakkie aan hulle gestuur word vir verspreiding.

Die Eeonomist spreek die mening uit dat Suid-Afrika sy invoer uit Amerika onmiddellik sal moet inkort indien die vlug van Britse kapitaal na die Unie beheer of verbied word.

Uitsprake Wat Waar Bly

Met die Ossewafees op Winburg 25 en 26 Oktober 1938—d.w.s. nege jaar gelede—het die destydse administrateur van die Vrystaat, Dr. J. F. J. van Rensburg o.a. gesê (aangehaal uit die Gedenkboek van die Ossewatrek):

„Die Afrikanervolk is vandag nog maar jonk, maar hy is reeds op pad na sy bestemming. Of hy die nodige pligsbesef het om die volk van die toekoms te dra en te bestendig, moet nog gesien word.

Dit lyk asof hy meer ophef maak van sy politieke partye wat tydelik en verbygaande is, as van sy volk gemaak is.”

Hy het die hoop uitgespreek dat hierdie partysug maar van verbygaande aard is en hy het gepleit dat elkeen sy hand in sy eie boesem steek, sodat hier waar daar 'n eeu gelede verdeeldheid gekom het, harte wat mekaar nooit moes verloor het nie, mekaar weer vind.

Cradock Vier Grootste Fees In Oos-Kaapland

CRADOCK.—Op 10 Oktober by geleentheid van die herdenking van die verjaarsdag van ons groot Staats-President Paul Kruger, het die gemeenskap van Cradock hulle grootste volksfees gevier sedert die Ossewatrek van 1938. Sowat 3,000 mense het hieraan deelgeneem.

Ons innige dank aan die Munisipaliteit van Cradock wat goedgunstiglik 'n versoek toegestaan het, en 10 Okt. as 'n publieke vakansiedag verklaar het; alle besighede was dan

ook gesluit vir die dag.

KRANSLEGGING

Ook ons besondere dank aan Raadslid L. J. B. van Aardt en sy helpers, van wie die gedagte uitgegaan het om so 'n groot volksfees te organiseer, en wat op 'n volslae sukses uitgeloop het.

Die voorsitter van die gekose komitee en aanvoerder van die dag se verrigtinge, was mnr. S. A. Marais, kommandant van die Ossewabrandwag, wat homself goed van sy taak gekwyd het, van die begin tot die einde.

Die verrigtinge het 'n aanvang geneem met die Oggenddiens om 10 v.m. deur Ds. E. A. Venter van Tarkastad, na aanleiding van Heb. 11 vers 24. Na die diens het 'n optog vanaf die feesterrein op die skougronde deur die dorp na die Kerkhof beweeg waar die Burgermonument staan, om aldaar 'n kranslegging te hou.

DIE OPTOG

Die optog wat meer as 'n myl lank was, het bestaan uit voetgangers in 'n gedeeltelike speerpunt-formasie met Republikeinse vlae vooraan, gedra deur O.B.-lede, hoewel hulle nie amptelik as O.B. opgetree het nie.

Agter die voetgangers in die straat het 'n stoet motors gevolg en dit was inderdaad 'n pragtige gesig; ongeveer 180 motors het aan die optog deelgeneem.

Daar is elf kranse gelê namens verskillende groepe en organisasies. Die eerste krans is gelê namens die oud-stryders deur oud-komdt. Carl van Heerden, reeds in sy 85ste jaar. Namens die O.B. is 'n krans gelê deur hfkmdt. Strydom van Cradock. Namens die Voortrekkerbeweging is 'n krans gelê deur Henkie Mulder, seuntjie van veldkornet J. T. Mulder.

FEESTERREIN

Hierna het die skare na die feesterrein verdaag waar almal heerlik gesmul het aan ongeveer 1,000 jaarts wors, 75 skape, alles gratis bedien en heerlik voorberei en gebrui deur wagt. H. J. van Heerden en sy manskappe.

Gelyktydig met die vleisbediening is die feesstemming verder verhoog deur opgeruimde boeremusiek deur 'n Boereorkester, onder leiding van mnr. F. Weideman.

Al die verskillende groepe en organisasies het gesamentlik deelgeneem aan die fees en daar het 'n merkwaardige Afrikanergees geheers van die begin tot die einde.

VOLKSHELDE

Gedurende die middag is 'n toespraak gelewer deur ds. E. A. Venter oor Afrikaanse volkshele, en ook is 'n boodskap van die A.T.K.V. aan die feesgangers oorgebring deur mnr. Botha; sy toespraak was uitstekend en het die publiek elke oomblik geboei.

Daar is telkemale boeremusiek gelewer en omstreeks vyfuur is die feesverrigtinge afgesluit met volkspele deur die jongmense. Na vyfuur het almal die feesterrein verlaat; om weer half ag by die Stadsaal te wees wat tot oorlopende-toe vol was.

Dit was weer die Boereorkester wat nou hier die gehoor in die regte stemming gehou het, met heerlike Boeremusiek.

Intussen het etlike persone staaltjies van Oom Paul voor—(Vervolg in vorige kol.)

„DIE O.B.” WOENSDAG, 22 OKTOBER 1947

Verleidelike Beleid

Daar is seker weinig mense in Suid-Afrika wat die bestaan van 'n natuurelvraagstuk in ons land sal wil ontken. Daar is teweens bekendgemaak deur die leiers van politieke partye dat die aanstaande verkiesing oor die kleurvraagstuk — waarvan die natuurelvraagstuk 'n belangrike onderdeel is — gevoer sal word. Niemand twyfel ook aan die gevaar wat die natuurelvraagstuk vir die blankes in Suid-Afrika inhou nie. 'n Leier van 'n politieke party het die gevaaraspek van die vraagstuk beklemtoon deur te verklaar dat die aanstaande verkiesing 'n laaste kans van die blankes verteenwoordig.

Daar heers ongelukkig nie dieselfde mate van eenstemmigheid oor die oplossing van die natuurelvraagstuk nie.

Elders in hierdie uitgawe publiseer ons 'n ontleding van die regering se jongste voorstelle in verband met die Naturelle Verteenwoordigende Raad deur mnr. N. J. Olivier, bekende bantoeoloog aan die Universiteit van Stellenbosch. Die voorstelle gee 'n aanduiding van die „oplossing” wat die regering vir hierdie vraagstuk bedink het, en as sodanig verdien dit sorgvuldige oorweging.

NUWE INSTELLINGSWESE

Die voorstel aanvaar die integrasie van die natuurel in die blanke samelewing, m.a.w. 'n gemengde gemeenskap bly voortbestaan. Dit beteken die verwerping van algehele apartheid as uitgangspunt vir die uiteindelijke oplossing van die natuurelvraagstuk.

Die voorstel is die begin van 'n nuwe instellingswese in Suid-Afrika, nl. parallelle en gelyke inrigtings vir blank en nie-blank binne dieselfde staatkundige en ekonomiese struktuur.

Die oplossing van die natuurelvraagstuk kan langs een van die volgende weë bewerkstellig word: (I) volkome gelykstelling met die blankes; (II) parallelle inrigtings langs die blankes syne; en (III) algehele skeiding tussen wit en swart.

Die beleid van volkome gelykstelling tussen blank en nie-blank in een en dieselfde staat is geheel en al onaanneemlik vir blankes en die gevaar dat so 'n beleid deur blankes algemeen aanvaar sal word, kan dus heeltemal uitgesluit word.

Die beleid van parallelisme, soos in die voorstelle van die regering vervat, is 'n gevaarlike beleid omdat 'n oppervlakkige beskouing heelwat blankes tot aanvaarding daarvan kan lei. Dit is moontlik dat hierdie oulike beleid die regering se antwoord kan wees op die opposisie se uitdaging om die aanstaande verkiesing oor die kleurvraagstuk te voer. Die verleidelikheid van die beleid van parallelisme is daarin geleë dat dit 'n oorkleed van apartheid werp oor die dieperliggende integrasie van blank en nie-blank in 'n geslote ekonomiese huishouding.

PROPAGANDAWAARDE

Vir die regeringsparty het sodanige beleid groot propagandawaarde. Aan die voorstanders van apartheid, wat die regering van 'n gelykstellingsbeleid beskuldig, kan gerieflik beduie word dat die regering ook 'n beleid van apartheid voorstaan. Die voorstanders van gelykstelling, in die regeringsparty, kan gerus gestel word met die versekering dat die regering se beleid uiteindelik op gelykstelling moet uitloop. En halstarrige V.V.O.-kringe kan gepaai word met die nuwe bewys dat die Suid-Afrikaanse regering besig is om geleidelik meer regte aan natuurelle toe te ken.

Hierdie voorstelle van die regering bewys opnuut aan die Afrikanervolk dat hy nie durf hink op twee gedagtes waar dit die oplossing van die natuurelvraagstuk en die behoud van die blankedom geld nie. Daar is net één oplossing: algehele skeiding van blank en nie-blank.

REGERING LAAT AGT KOMMUNISTE VAN SEDISIE-SAAK LOOP

Die sedisie-saak teen nege persone, van wie agt bestuurslede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is, is verlede Vrydag by geleentheid van die derde voorlopige ondersoek onvoorwaardelik teruggetrek.

Dr. P. Yutar, beroepsassistent van die Prokureur-generaal het by die aanvang van die derde voorlopige verhoor in Johannesburg aangekondig dat die Prokureur-generaal gelas het dat die saak teen die beskuldigdes teruggetrek moet word.

Die saak spruit voort uit die staking van die natuurelle-mynwerkers aan die Rand verlede jaar en in die akte van beskuldiging word beweerd dat die be-

skuldigdes met verskeie liggame saamgesweer het om 'n staking aan die gang te sit. Hulle sou ook van geweld gebruik gemaak het in miskenning van die staatsgesag.

Die beskuldigdes in die saak was William Andrews, Moses Kotani (natuurel), Harry Snitcher, Lukas Phillips (natuurel), Fred Carneson, Isaac Horwitch, Harold Simons, Harry Naidoo, Louis Joffee.

Veldm. Smuts Wil Derde (Naturelle-) Huis Tot Parlement Voeg, Sê Vakman

Dit is twyfelagtig of die regering se voorstelle die natuurelle-leiers gaan tevrede stel, het mnr. H. J. Olivier van die departement van Bantoe-kunde van die universiteit van Stellenbosch verklaar toe 'n verteenwoordiger van Die O.B. hom genader het om sy standpunt insake die jongste voorstelle van die regering ten aansien van die verteenwoordigende Naturelleraad.

Mnr. Olivier het herinner dat die V.N.R. in 1936 ingestel is as 'n gerieflike en permanente adviserende liggaam om die regering van advies te bedien in verband met natuurellaangeleenthede. Die raad het bloot adviserende magte gekry omdat die 1936-wet aan natuurelle direkte verteenwoordiging in die Unie-Parlement toegesê het. Die aard van die advies wat die raad van tyd tot tyd gegee het blyk duidelik uit die besluite, wat ondubbelinnig getuig dat die raad konsekwent die standpunt van algehele gelykstelling tussen blank en nie-blank voorgedra het. Hierdie standpunt het die raad met toenemende onversetlikheid probeer afdwing.

RAAD VERDAAG

Aangesien die regering onmoontlik aan die eise van die raad kon voldoen en aangesien die houding van die V.V.O. onteenseglik 'n aansporing vir die raad moes gewees het, is 'n dooie punt onlangs bereik toe die raad homself permanent verdaag het—totdat alle wetgewing wat diskrimineer tussen blank en nie-blank herroep word.

Die voorstelle wat die regering bekendgemaak het, beoog, volgens mnr. Olivier, die uitkakeling van 'n soortgelyke dooie punt in die toekoms. In die lig van die regering se versekering aan die V.V.O. dat Suid-Afrika 'n beleid van geleidelike toekenning van regte aan die natuurelle toepas, is mnr. Olivier voorts van mening dat die voorstelle beslis nog diens sal moet doen as V.V.O.-skietgoed.

S.A. Bewapen Saam Met Res Van Wêreld

Ongeveer 19,000,000 man staan vandag onder wapen in die wêreld en 40 lande bestee elke jaar £7,000 miljoen aan bewapening, volgens die leier van die Liberale Party in Engeland verklaar het. Die syfers is skrikwekkend het hy gesê. Ondanks die verdwyning van magte soos Japan, Duitsland en Italië, is daar vandag meer mense in uniform as voor die oorlog. Dit is duidelik dat daar 'n bewapeningswedloop aan die gang is. Miljoene ponde word op bedekte wyse bestee aan kiem-oorlogvoering en ander skrikwekkende wapens, het hy verklaar.

SMUTS SE PLAN

Veldm. Smuts het ook aangekondig dat Suid-Afrika gaan bewapen. Hy het gesê dat hy nie 'n groot leër wil opbou nie, maar dat hy 'n kern daar wil stel wat kan dien in 'n tyd van nood. As Suid-Afrika weer onverwags voor 'n oorlog te staan kom, dan moet ons gereed wees, het die Veldmaarskalk op Potchefstroom verklaar. Hy sal toesien dat Suid-Afrika se verdediging nie verswak nie.

DIE VOORSTELLE

Ooreenkomstig die voorstelle van die regering word die samestelling van die V.N.R. gewysig: blankes word van die raad verwyder en die raad se getalle word uitgebrei tot 50 verkose lede; naas die verhoogde adviserende bevoegdheide word ondergeskikte wetgewende bevoegdheide ten opsigte van die natuurellegebiede aan die raad gegee: die Unie-Parlement behou egter die vetoregten aansien van sodanige wetgewing; voorts bepaal die voorstelle dat die raad oor sy eie fondse sal beskik; en, eindelijk, behels die voorstelle die instelling van 'n stedelike natuurel-raad of -kongres, wat die regering insake stedelike natuurellaangeleenthede moet adviseer via die V.N.R.

Die maatreëls wat in hierdie voorstelle vervat is, verklaar mnr. Olivier, raak glad nie die kern van die verdaagde V.N.R. se eise nie: nl. afskaffing van alle diskriminerende wetgewing nie. En 'n nuwe V.N.R. met meer magte as die oue kan bes moontlik 'n verhewigde agitatie om gelykstelling meebring.

'N NUWE VERSET

Mnr. Olivier is bevrees dat die voorstelle die kieme van 'n splinternuwe natuurelverzet dra. Hy meen dat die raad, afgaande op die mentaliteit deur vorige besluite openbaar, vroegtydig (1) die afskaffing van die parlementêre-vetoregten gaan eis; en (2) seggenskap oor natuurelle in blanke gebiede gaan aanvaar.

Aangesien aangevoer word, dat die V.N.R. misluk het vanweë sy bloot adviserende aard, kom dit vreemd voor, aldus mnr. Olivier, dat die regering voorstel om weer 'n bloot adviserende natuurelliggaam, nl. die stedelike kongres, in die lewe te roep. Mnr. Olivier voorspel dat hierdie kongres die weg van die huidige V.N.R. sal opgaan.

Mnr. Olivier wys daarop dat die voorstelle 'n radikale afwyking bevat van 'n gevestigde praktyk op die gebied van natuureladministrasie in ons land. Dit is die eerste keer, sê hy, dat aan 'n natuurelliggaam wye magte verleen word sonder dat die blankes, selfs in 'n adviserende hoedanigheid, 'n aandeel daarin het.

NASIONALE GROEPERINGS

Dit is moontlik, aldus mnr. Olivier, dat die voorgestelde nuwe Naturelle Verteenwoordigende Raad, wat seggenskap oor die natuurellegebiede gaan kry,

die ontwikkeling van daardie gebiede kan bemoeilik. Tans geskied sodanige ontwikkeling deur die algemene en plaaslike rade wat in die gebiede bestaan en wat hul werksaamhede onder leiding van blankes voortsit. In sommige gebiede bestaan hierdie rade al vir meer as 'n halwe eeu: nou word die geleidelike ontplooiing van hierdie rade stopgesit en hul magte en bevoegdheide beperk en ingekort deur 'n V.N.R. wat bes moontlik deur die stedelike natuurelle oorheers gaan word.

Hierdie toestand ontstaan, volgens mnr. Olivier, omdat die voorstelle van die regering die natuurelle in die land as 'n eenheid aanvaar, in plaas daarvan dat rekening gehou word met nasionale groeperings, bv. Zoeloe, Xhosa en Sotho. Mnr. Olivier bepleit die aanvaarding en uitbouing van nasionale entiteite onder die Bantoe, met uiteindelijke volledige selfbeskikkingsreg in hul eie gebiede.

NATURELLE PARLEMENT

Ten slotte verklaar mnr. Olivier dat die voorstelle die bestaan van 'n gemengde samelewing aanvaar en 'n poging aandui om aan die natuurelle-deel van die gemengde samelewing selfregering te gee. Die regering se langtermyn-oogmerk met die voorstelle is blykbaar om 'n proses aan die gang te sit waarvolgens die nuwe V.N.R. uiteindelik sal gedy tot 'n soort natuurelparlement of derde huis van die huidige parlement. Dit aanvaar mnr. Olivier nie as finale oplossing nie, omdat die botsende belange van blank en nie-blank binne dieselfde staatsverband noodwendig tot rassestryd aanleiding moet gee. Die enigste finale oplossing, beklemtoon mnr. Olivier, is die algehele skeiding van blank en nie-blank en die aparte ontwikkeling van elke groep.

SWELLENDAM KOMMANDO'S

HOU HUL

O.B.-DAG FUNKSIE

OP

Saterdag, 8 November
— 1947 —

om 2-uur n.m. op

BUFFELJACHTS

ALLE AFRIKANERS IS
HARTLIK WELKOM!

Verjaardagviering

KOMDT.-GENERAAL EN
ADJUNK KOMDT.-GENL.

SATERDAG, 22 NOVEMBER, 1947 om 8 n.m.

STADSAAI, PAARL.

ONTHOU HIERDIE DATUM!

DUITSERS STRY VOORT --- SONDER WAPENS

Te midde van al die honger en ellende in Duitsland besef die Duitse volk dat hulle al hulle kragte moet inspan om die Bolsjewisme geen houvas op die Duitse nasionale lewe te gee nie. Onderstaande is 'n aanhaling uit 'n brief wat onlangs uit Duitsland ontvang is.

„Dit is nie meer opvallend as 'n mens in toenemende mate sordig gekleed moet gaan nie, maar 'n mens wil jou tog teensit teen die groeiende neiging tot uiterlike verwaarloosing, want daarmee is 'n versinking van die innerlike weerstandskragte verbonde,” verklaar die skrywer.

„Hierdie weerstandskragte het ons egter nodig om die

sosiale revolusie, wat uit die Ooste met groot geweld op ons indring, teë te werk. Elke familie in ons verskriklik geteisterde vaderland stry vandag 'n wanhopige stryd om die blote bestaan.

„As ons in hierdie stryd die onderspit delf, sal die Bolsjewisme nie alleen vir Duitsland baasraak nie, maar ook die orige lande van Europa oorstroom. So het ons selfs sonder wapens nog ons aanleë aan die afweer van die reusagtige gevaar, wat alle volkere vroeër of later bedreig.

„Dit maak dit vir ons makliker om hulp aan te neem van mense wat ons gladnie ken nie.”

DEPORTASIE UITGESTEL

Die Minister van Binnelandse Sake, mnr. C. F. Clarkson, het aangekondig dat die regering geen stappe sal doen om die Duitsers wat in aanmerking kom vir deportasie, te arresteer vir deportasie voordat die regsposisie nie opgeklaar is nie.

Die deportasie mag dalk nou eers teen die eerste helfte van volgende jaar plaasvind. Aan sowat 130 Duitsers is reeds tydelike interdikte uitgereik. 'n Aantal ander aansoeke is nog hangende.

'n Aantal toetssake begin môre in die Pretoriase Hooggeregshof. Die Duitsers wat by die sake gemoed is, is van voorneme om appél aan te teken indien die uitsprake teen hulle sou gaan.

Britte Breek 682 Duitse Fabrieke Af

As gevolg van die druk van Duitse politieke leiers op die Amerikaners en Britte sal slegs die helfte van die fabriek wat oorspronklik afgebreek sou word nou afgetakel word, volgens 'n amptelike aankondiging. Nie-teenstaande die besef dat die Duitse ekonomie alleen weer op sy bene gebring kan word deur sy fabriek toe te laat om produkte aan Europa te lewer, sal 682 fabriek volgens die jongste plan binne twee jaar afgebreek word. Die fabriek vervaardig hoofsaaklik staal, chemiese en elektriese goedere. Engeland sorg ook dat die skeepsboubedryf tot stilstand gebring word.

Fabriek van militêre belang soos die wat aluminium vervaardig, se posisie is nog in die weegskaal.

Die aftakeling van die fabriek sal 30,000 werkers twee jaar aan die gang hou. 'n Kwart van die toerusting van die fabriek sal na Rusland en Pole geneem word.

rondom die Kremlin in Moskou, gebou. Vragte en vragte boumateriaal word hiervoor gebruik.

Die Duitsers voel verontwaardig dat soveel boumateriaal gemors word terwyl hulle geen huise het nie, skryf Time Hulle praat reeds hoe hulle dit in die lug sal laat vlieg.

Die standbeeld is ongetwyfeld simbolies van die Russiese planne: om hul magte nooit weer uit Duitsland terug te roep nie en vir altyd 'n houvas op Duitsland te hê.

Standbeeld Van Stalin In Berlyn

'n Buitengewone groot standbeeld van Josef Stalin word tans in die hart van Berlyn opgerig. Die groot beeld van Stalin, gehou uit rooskleurige marmer, sal die hele omgewing oorskadu. Rondom die standbeeld word 'n muur, soortgelyk aan dié

STERK MNR. HAVENGA SE HANDE

„Eenheidsoeker,” Kaapstad, skryf:—

Laat my toe om as eenheidsoekende Afrikaner u my dank te bring vir die inligting in die laaste uitgawe van Die O.B. aangaande die posisie van setels in Kaapland. Dit bewys nogeens die volkome onvermoë van die H.N.P. om homself as 'n gedugte teenstander van die Regering voor te doen. Talle anti-regeringsgesindes het dit lankal agtergekom; nog talle, ook binne die H.N.P., selfs binne sy kookus, meneer, kom dit nou agter. Hoe meer die verre-gaande onvermoë van die H.N.P.-leiding blyk om alle anti-Smutskrigte rondom hom te skaar, destoe dringender word die behoefte aan 'n ander organisasie om op te bou waar die H.N.P. platslaan. U gegewens bewys dan ook vir die soveelste keer hoe afhanklik dr. Malan is van mense wat hy met voorbedagte rade bele-dig.

EIE EER

Mnr. Z. van Staden, P.K. Amalia, skryf:—

Ek dink ons het die laaste verkiesing verloor deur dr. Malan se koppigheid en dit lyk my dit gaan weer die geval wees as hy nie 'n ander houding inneem nie. Hy kan nie verwag dat ek wat so trots is op 'n Afrikaner soos die K.G., en trots is dat ek 'n O.B. is, vir een van sy kandidate sal stem as hy nie 'n ander houding inneem nie. As sy eie eer en sy eie belang dan by hom swaarder weeg as die verlossing van sy volk, dan maar by my ook—as sy ondersteuners dit dan nie self kan insien nie.

WIL OOK LEEN

„Ons Skuld Engeland Niks,” Klerksdorp, skryf:—

Ek sien in die nuusblaai dat die regering £80 miljoen aan Engeland wil leen. Ek wonder wat sal gebeur as ek die regering vra vir £1,000 om weer my vader se grond terug te koop wat hy verloor het deur aan sy volk getrou te wees gedurende die Engelse oorlog? Toe hy terug gekom het van Indië af, het hy net sy uitgebrande huis teruggekry. Toe moes hy sy grond verkoop en bywoner word om kos te kry. Ek sal egter 'n beter kontrak met die regering aangaan as Engeland. Ek sal jaar en dag en datum gee wanneer ek my skuld sal betaal.

Ek sien ook dat dr. Malan reken dat dit tot ons voordeel sal wees om Engeland te help. Ek hoop hy (dr. Malan) sal ook instem om ons Boere wat so smag na 'n stukkie grond waarvoor ons vaders in die veld en ons moeders in die kampe met bloed en tranen betaal het, geregtig is op 'n lening eerder as Brittanje, ons verdrukker.

Soos Ons Lesers Dit Sien

Los Britse Stelsel

Kapt. Henri Slegtkamp, D.T.D., Middelburg Tvl. skryf: Soos bekend was op 9 en 10 Oktober re-unie van die oud-stryders te Klerksdorp. Alles, ete en drinke, was vir ons gratis en by die stasie het 'n aantal eersteklas spoorwegwaens gestaan om in te slaap. Dit was 'n mooi funksie en ons is die stadsraad baie dankbaar vir die gasvrye ontvangs. Verskeie toesprake van nie-politieke aard is gelewer, o.a. deur sen Van Niekerk, dr. Jansen, ens. Ek was ook aan die beurt. Na die funksie se afloop het die publiek my ook gevra om weer te praat. Dit was my kans. Na 'n paar stories het ek gevra: hoekom is ons Afrikanervolk verdeel? Daarop het ek geantwoord: deur die verdeel en heers metode van Engeland.

Gedurende die Engelse oorlog wat op ons afgedwing is, was die verdeeldheid so sterk dat 10,000 van ons mense die wapens neergelê het, en daarvan het 4,000 weer die wapens teen hulle eie mense opgeneem.

Eindelik nadat ons die oorlog deur oormag, verraad, ens. verloor het, is die Britse parlementêre stelsel ingevoer om te verdeel en te heers. 'n Regeringsparty teenoor 'n opposisieparty sodat Engeland kan heers.

In die Republiek was dit anders. Daar was 'n Volksraad maar daar was geen opposisie nie, en daar was vrede en voorspoed. Daarom Afrikaners, help en staan saam en doen weg met partye. Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes staan saam in belang van wit Suid-Afrika. Dit is al land wat ons ken en liefhet.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisverkeerders

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie
kwaliteit Meubels in
voorraad

WERDA

Meubelhandelaars

(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

Verseker u Toekoms
deur die Eienaar te word van

VASTE EIENDOM

* BOUPERSELE

* WOONHUISE

* PLASE

* BESIGHEDE VIR DIE

KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON

CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
Posbus 78 Foon 0028

STRAND

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap

sê nee!

BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODEDES

Met Verbasende Uitslae

GEEN MEDISYNE!

GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoon-gemaak word van sy gif of onsuiver-hede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aan-houdend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medi-syne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skry-aan ons en verstreke volledige beson-derhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC

HEALTH INSTITUTE

Posbus 1336 — KAAPSTAD

STEENMAAK- MASJIE


(Vir die maak van Sementstene)

Maak standaard-grootte Sement-stene (9 dm. x 4⁵/₁₆ dm. x 3 dm.)

Doen navraag by u naaste Han-delaar of skryf direk aan:
Fabrieksvertegenwoordiger:

JOHANN H. BUHR,
Posbus 18, Hopefield.

Handelsnavrae word verwelkom.



„Die Kleine Wonder”

HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laastelede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN

DIE SEKRETARIS,

VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,

POSBUS 1411,

KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat inteken-geld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....

vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam:

Posadres:

.....

.....

.....

Datum Handtekening

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

VERLOWING

NEL—PRETORIUS. — Hiermee word bekend gemaak dat Annatjie, oudste dogter van (oud-geïnterneerde) Niek en mev. Nonnie Pretorius, verloof geraak het aan Hans Nel, op 4 Oktober. Albei is van Van Rensburgdorp, Heidelberg. 22/10/1B

SPIES—BOSMAN. — Die verloving word bekend gemaak van Rita, enigste dogter van mnr. en mev. D. J. Bosman, aan Frikkie, seun van mev. en wyle mnr. A. Spies, albei van Bellville. 22/10/1B

HUWELIK

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffie-huis (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groote Kerk-gebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

IN MEMORIAM

VICTOR. — Een jaar van oneindige verlange is verby, verlange en gemis, wat by die Heer alleen bekend is. Nooit sal ons 22 Oktober 1946 vergeet, toe ons dierbare eggenoot en vader so skielik van ons weggeen is. Geen geluid oor sy lippe so stil en wit, geen afskeidstraan in sy oë, alleen net die laaste snik na die hemelpoort. — Van jou steeds treurende eggenote, Miem, en kinders, Varsfontein, Merweville.

BENODIG

FLUKSE ONGETROUDE JONG MAN op hoogte met saai- en veeboerdery. Goede vooruitsigte vir die regte man. Getuiskrif N.G. Kerk predikant 'n verlei. Nadere besonderhede doen aansoek by G. P. SLABBERT, Excel-sior, P.K. Danielsrust, oor Bethlehem.

VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Omdaalsrust omgewing, raadpleeg **WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENT-SKAP, Henneman (Elenaars Alberts en Greeff).** Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

BOME, PLANTE EN SAAD

AARTAPPELS. — Pragtige, gesonde en vars graad I, teen 18/- per 150 lbs. Eier-grootte saadaartappels, tweede na ingevoerde, 17/6 per 150 lb, en okker-neutgrootte 14/6. Almal V.O.S. Beth-lehem, in nuwe sakke wat teruggestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid. — S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM. 8/10/TK

BESTE GESERTIFISEERDE GROEN-TESAAD. — Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigde K.B.A. van: **PREMIERS, SCHOEMANSHOEK.** 20/8/TK

GROENTESAAD. — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chantenei-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatiemoen 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. duurder per ½ lb. Handelsnavrae verwelkom. — **KARROO-SAADVERSPREIDERS,** Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

PATATRANKE. — Op hul beste, bestel dadelik. Driemaande wit 10/- per 80 pd.; 7/6 per 60 pd. sak. Ses-of driemaande wit en borrie steggies 6/6 per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 15/10/TK

PATATRANKE. — In volle groei, reg vir plant. Wit driemaande 8/- per 70 lb., Borrie 10/- per 70 lb. Sesmaande, wit- en Borriesteggies 6/- per 1,000. Patats teen 12/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFSE, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 1/10/TK

PATATRANKE. — Uitstekende rooigrond-patatrake. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1,000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie-Augustus-planttyd 1947. Ons puike voorrade verseker tevredenheid, maar...die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — **HERHOLDT SE BOOMKWEKERY,** Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

ELEKTRIESE REPARASIES

ELEKTRON KONTRAKTEURS. — As u stoof of ander elektriese toestel buite werking raak, raadpleeg **ELEKTRON (L. J. du Plessis)** vir vinnige en redelike diens. Keeromstraat 18 (regoor Die Burger), Kaapstad. Telefoon 2-5060. 22/10/2

GEMENG

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by **VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL,** Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuls- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pylare, Vloerteëls, Voertroeë. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — **P. PRETORIUS,** Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van **UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK.,** en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — **Hoofkantoor:** Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Philips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiëte-saannemers. Foon 9-845.

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: **KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER,** P/s No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

TE KOOP AANGEBIED

JUKSKEIE. — Bottelvormige skeie, 3/9; kopskeie 4/6; agtkantige skeie 5/- en Natalskeie 5/6 per paar. — **KOOS BOTHA,** P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 17/9/TK

L'IDEAL PRONKRUG-LEEHOOND-JIES, geregistreerd, uitstekende stamregister, pronke volmaak en Sinus Demoidus-vry. Uit kroot, sterk, kwaal en gesonde ouers, uitstekende waghonde. Beveilig u huis! Reuntjies £8 8s. — **J. KEMP VORSTER, L'ideal, P.K. MOTKOP, K.P.** 22/10/2B

„PLYMOUTH ROCK”-HANE. — Vier maande oud. V.O.S. £1 1s. stuk. Hierdie hane is goed uitgegroeï en groot vir hul ouderdom. — **J. G. KEMP, Bus 16, KIRKWOOD.** 22/10/4

VRUGTEPLAAS, DISTRIK-CERES. — Eersteklas Ceres-vrugteplaas uit die hand te koop met bestaande oes ingesluit. Groot ongeveer 67 morge en beplant met ongeveer 7,000 vrugtebome, perske en pruimedante, in volle drag. Twee myl van P.A. Hamlet. Bruto inkomste ongeveer £5,000. Gerieflike woonhuis met buitegeboue. Prys billik. Twee-derdes op eerste verband teen 4½ persent. Verband nie oproepbaar vir 'n aantal jare. Besit dadelik. Verdere besonderhede van S. J. **HAUPT-FLEISCH,** Bus 6, Telefoon 11, CERES.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE EIEES** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Verjaardagketting

Oktober.

- 22 Fredrika Bronner, Stella.
- Cecile Cilliers, Paarl.
- Elizabeth Koen, Frankfort.
- Wilhelmina Theron, Koster.
- Jacoba van Dyk, Steenbokfontein.
- 23 Marita van Schoor, Paarl.
- P. G. Wium, Vlottenberg.
- Louisa van der Westhuizen, Stella.
- Chrissie Brits, Rustenburg.
- Martha Nieuwoudt, Buurmansdrift.
- 24 Minnie Steyn, Stellenbosch.
- Eduard Oosthuizen, Frankfort.
- 25 Susanna du Toit, Kirkwood.
- Catharina de Villiers, Bultfontein.
- Maria Nel, Ottoshoop.
- 26 Charl Cillie, Wellington.
- Johanna Botes, Loxton.
- Johanna Smit, Loxton.
- 27 Jan Joubert, Hugenoot.
- Jacoba Bronner, Stella.
- Chatrina Mynhardt, Stella.
- Stefanes Els, Stella.
- Elizabeth Coetzee, Rustenburg.
- 28 Truida van Velden, Stellenbosch.
- Marietjie Weithagen, Rustenburg.
- 29 Hester du Toit, Wellington.
- 30 Hennie Burger, Brandvlei.
- Willem Fourie, Luckhoff.
- Casper Schutte, Potchefstroom.
- 31 René Dampers, Paarl.

November.

- 1 Charles Kemp, Kirkwood.
- Andries Nieuwoudt, Stella.
- Jan van der Merwe, Paarl.
- Anna du Toit, Wellington.
- Maria Nortje, Kafferskraal.
- 2 de Villiers du Toit, Wellington.
- Dina de Jager, Boshoff.
- Hermanus Potgieter, Bosbokrand.
- 3 Annatjie v. d. Merwe, Stellenbosch.
- Anita Nell, Port Elizabeth.
- Maria Welthagen, Rustenburg.
- 4 Aletta Eksteen, Paarl.
- Aletta Nieuwoudt, Stella.
- Hendrik Nel, Aughrabies.
- Eckley Dykman, Paarl.
- Pieter Eksteen, Paarl.
- Gean de Freitas, Johannesburg.

Rewolusie Dreig Teen Kommuniste In Joego-Slawië

Die hardhandige onderdrukking van die godsdienste deur die Kommunistiese regering in Joego-Slawië het tans tot gevolg dat die smeulende ondergrondse rewolusie teen die Kommuniste dreig om in 'n openlike verset oor te gaan. Die lede van die weerstandsele bestaan uit lede van die Katolieke Kerk.

Uit Salonika word berig dat daar toenemende botsinge tussen lede van die „Kruisvaarders van die Woude” en die militêre owerheid in die berge waar die anti-Kommuniste hul skuilhou, plaasvind.

Hierdie groep versetters bestaan reeds sedert maarskalk Tito bevel in Joego-Slawië oorgeneem het en alle politieke teenstanders gelikwideer het. Een van die klagtes wat teen biskop Stepinac ingebring is tydens sy onlangse verhoor en tot die dood veroordeel, was dat hy die vlag van hierdie anti-Kommuniste geseen het.

Daar word reeds etlike maande lank teen dié mense opgetree. Dit was egter slegs be-

perk tot optrede deur die polisie. Die omvang van die verset het so toegeneem dat leërenehede tans ingeroep word.

Ellende Laat Duitsers Na Verdowingsmiddels Gryp Om Te Vergeet

Die toestande in Duitsland laat baie Duitsers na verdowingsmiddels gryp om die honger en ellende te vergeet, volgens die verklarings van mediese dokters en die speurdiens in Duitsland. Alleen die feit dat dit so moeilik bekombaar is, maak dat die verdowingsmiddels nie meer algemeen gebruik word nie.

Die meeste van die persone wat slagoffers van die verdowingsmiddels geword het, is oud-soldate van die Wehrmacht wat wonde opgedoen het tydens die oorlog en narkoses ontvang het om die pyn draaglike te maak. Hulle is vandag volslae slagoffers van die verdowingsmiddels.

Tipes van hierdie gevalle is die van 'n oud-soldaat wat aan sy kakebeen gedurende die oorlog gewond is. Hy het gereëld inspuiting van morfine gekry en nou dat hy gesond is, be-

Egskeidings In Amerika

'n Regter van die Amerikaanse hooggeregshof, regter A. Soarbaro van Chicago, verklaar dat gereken teen die huidige tempo van egskeiding in Amerika, een uit elke twee huwelike oortwintig jaar ontbind sal word.

In die provinsie Illinois is een uit elke drie huwelike tans op pad om verbreek te word, het hy verklaar en teen 1975 sal een uit elke drie huwelike tot ondergang gedoem wees voordat hulle voltrek word. Hy voorspel dat teen daardie tyd 51 persent van die huwelike ontbind sal word.

slaan daar 'n behoefte en drang daarna wat hom dryf om dit aanhoudend te gebruik.

Slagoffers vind dit egter baie moeilik om die verdowingsmiddels in die hande te kry. Klein hoeveelhede morfine, kakaïen en pervitin kos baie meer as diamante. Een gram van hierdie onwettige verdowingsmiddels kos maklik £50. Dit word oor die grense gesmokkel en op die swartmark verkoop.

Aanbid Tito: Ontvang Kos

Watter metodes die Kommuniste volg om bekeerlinge te wen en hulle van die godsdienste te skeep, blyk uit onderstaande verhaal wat Review of World Affairs vertel:

In 'n klein dorpje in Joego-Slawië het die Kommuniste onlangs al die kinders in die dorp versamel en hulle aangesê om God te bid om vir hulle voedsel te skenk. Hulle het gebed en gewag, maar niks het gebeur nie. Daarna is hulle aangesê om veldm. Tito te aanbid en vir hom kos te vra. Hulle het gehoorsaam, en kort daarna is hulle na 'n saal geneem waar tafels met heerlike geregte op hulle gewag het.

Die Amerikaners verklaar dat dit 'n ou praktyk in Rusland is om bekeerlinge vir die ongeloof en kommunisme te werf.

Lin Yutang, 'n bekende Sjinese skrywer, het 'n tikmasjien uitgevind wat 90,000 verskillende Sjinese skriftekens kan tik. Dit is die produk van 30 jaar se navorsing. Dit kan in een uur soveel tik as wat 'n gewone Sjinees in een dag kan skryf. Na verklaring sal dit die vooruitgang van die Sjinese baie

EERSDAAGS OLIE UIT ONS STEENKOOL

Die planne vir die maak van olie uit Suid-Afrikaanse steenkool, neem stadig maar seker vorm aan. Die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling sal eersdaags die name aankondig van die lede van die raad wat lisensies moet toestaan om olie uit steenkool te vervaardig.

Daar is tans verskeie ondernemings wat belang stel in die saak. 'n Klein fabriek sal sowat £15,000,000 kos, en dit sal van twee tot drie jaar duur voordat dit op aansienlike skaal olie sal kan vervaardig.

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

ROBERTSON

FONDSDAG

word gevier op

VRIDAG, 31 OKTOBER vanaf 2 uur n.m.

Spreker: **Dr. ERIKA THERON** om 8 uur n.m.

ALMAL WELKOM. Omliggende Kommando's word ook vriendelik uitgenooi.

Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 22 OKTOBER 1947

GENL. KOOS DE LA REY 22 Okt. 1847 -- 22 Okt. 1947

Op Helledagvierings is vanjaar spesiaal aandag geskenk aan die herdenking van die honderdste geboortedag van die „beroemde Leeu van Wes-Transvaal,” wie se uitstaande krygsmanstalent vir hom 'n naam gemaak het vër buite die grense van sy eie vaderland.

TWEDE VRYHEIDSOORLOG

Die eerste en die laaste oorwinnings in die Tweede Vryheidsoorlog, nl. Kraaipan en Tweebosch, sowel as die on vergeetlike slae van Nootgedacht en Ysterspruit, is behaal onder die aanvoering van Genl. de la Rey. By Tweebosch het hy te staan gekom teen Lord Methuen.

Toe hierdie Engelse edelman, swaargewond in die been, in die Boere se hande val, het Generaal de la Rey alles in sy vermoë gedoen om hom goed te verpleeg. Hiermee het baie boere geensins genoë geneem nie, terwyl hul in gedagte hou hoe die Engelse met Gideon Scheepers gehandel het, maar hy het sy standpunt by die Krygsraad deurgedruk, nl. dat dit 'n Christen se plig is om aan 'n gewonde soldaat alle moontlike hulp te verleen. Hierdie edelmoedige gebaar teenoor sy vyand, herinner ook aan die optrede van President Kruger t.o.v. Jameson.

VOORTREKKERSEUN

Die vader van die Generaal het uit die distrik George na die noorde getrek, en het hom aanvanklik op Winburg gevestig waar Jacobus Herculaas gebore is. Later het hy egter na die distrik Wolmaranstad getrek, en hier, op die Wes-Transvaalse vlaktes, het Jacobus opgegroeë.

Ná sy huwelik vestig hy hom naby Lichtenburg waar hy dan ook gewoon het met die uitbreek van die Engelse-oorlog.

Vereeniging, 31 Mei 1902, was vir hom, soos vir almal wat hul Vryheid so hoog geskat en begin het, 'n bitter vernedering. Tog het ook hy in hart en siel Republikein gebly, en vas geglo dat die Boerenasie nog weer vry sou wees onder die geliefde VIERKLEUR.

SEPTEMBER 1914

So het hy en ander Boeregeneraals soos Beyers, Kemp, Maritz, en de Wet, uitgesien na die geleentheid om die juk van Britse oorheersing af te gooi en hul vryheid terug te kry.

Die besluit van die regering om Duits-Wes-Afrika aan te val, net na die uitbreek van die eerste Wêreld-oorlog, het hierdie geleentheid geskep, en was dit nie tóe vir die tragiese ongeluk wat hom getref het nie, sou die sogenaamde „Rebellie” definitief 'n ander verloop gehad het. Terwyl hy en Genl. Beyers egter van Pretoria via Johannesburg na Potchefstroom op pad was, is daar op

KERSFEESKAARTJIES

Hou a.s. uitgawe dop vir volle besonderhede omtrent O.B.- en Boerejeug-Kersfeeskaartjies — ongelukkig kan ons u nie hiermee die besonderhede gee soos aangekondig nie.

Ons bring u vanjaar iets nauts! Eenvoudig en deftig!

die motor gevuur toe hulle nie wou stop nie, en is Genl. de la Rey dodelik getref deur 'n opslagkoeël — hy wat aan soveel koeëls van die vyand ont-kom het.

Maar hoeveel van ons Volkshelede het nie 'n ewe tragiese dood moes sterf nie? Dink maar aan manne soos Piet Retief, Piet Uys, en talle ander wat deur Kaffers, Hottentotte, en Boesmans doodgesteek is, aan die vyf slagoffers van die

Slagtersnek-opstand, die 26,000 vroue en kinders wat in die konsentrasiekampe van hongers en ellende moes sterf, die talle „rebellie” (waaronder Gideon Scheepers) wat gedurende 1901 en 1902 geskiet en opgehang is, die uiteinde van Generaal Beyers in die Vaalrivier, die dood van Jopie Fourie voor 'n vuurpeleton, . . . en ons kan seker wees dat die lys hiermee nog glad nie beëindig is nie, want die Vryheidsideaal leef voort, en:

„Die Stryd wat ons Vaders begin het
Sal woed tot ons sterf of
gewin het!

DIT IS DIE EED VAN
JONG SUID-AFRIKA!”

KESTELL-LAERTREK

In die skadu van die Drakensberge is gedurende die afgelope skoolvakansie 'n on vergeetlike Boerejeuglaertrek gehou! Wie verlang dan ook meer as 'n laerterrein omsom met skaduryke wilgers en 'n kabbelende bergstroompie, flink vlagparades, lekker ou tent-inspeksies, heerlike Vrystaatse mieliepap met braaivleis en koffie, sagte wiegeliedjies om die kampvuur, sonskyn, en onoortrefbare kamp-ouers in die persone van Kommandant en Mev. „Kleinboet” de Jager?

Geen wonder dat diegene wat die laer besoek het, net die volgende dag terug was met al die nodige laergereedskap om die orige tyd saam met ons deur te bring nie!

O.B.-BELANGSTELLING

Verblydend was, dit om te sien dat O.B.-lede sowel as andersdenkendes van die omgewing, hul belangstelling in die laer getoon het deur ons te



SALUUT: Jeug-offisiere en Boeredogter tydens die onlangse Vrystaatse laertrek.

besoek en ook self by te dra tot die jolyt om die kampvuur. Die plaaslike O.B.-veldkornet-skap het hul fondsfunksie in die laer gehou, by welke geleentheid ook die Boerejeug die moue opgerol en f9 bymekaar-gebring het.

BOEREDOGTERS

Hier het die Boeredogters getoon wat in hulle steek, want met die groot skaarste aan seuns (was hul dalk lugtig vir wagstaan?) het hul self tente opgeslaan, voortjies en gate ge-

grawe, paradeterrein geskoffel, vlagpaal ingeplant, parades waargeneem, ens. Tog sou dit alles nie so maklik kon gaan sonder die plaaslike Boerejeug-offisier, Veldkornet Eksteen, nie!

WERKSAAMHEDE

Afgesien van praktiese onder- rig in paradebewegings, tent-inspeksie, marsjeer, ens., is demonstrasies in Moederkunde, seepkook en huishoudkunde gegee, en is ook Organisasie, ons O.B.-ideologie, Boerejeugdrag, die gedrag van die Boeredogter, en ons Vlag bespreek.

Die twee uitstappies na Kristalpan en die Sabata-grotte, het voorsien in die begeerte om 'n bietjie berg te klim. By Kris-



LEWENSLUSTIGE JEUG: 'n Kykie in die Boerejeuglaertrek wat onlangs op Kestell gehou is.

Vervolg:

IN DIE TRONK 'n Paar Ekstra Komberse

deur KRISJAN

Reg teenoor my sel was die stoorkamer waarin daar komberse en allerhande tronkbenodigdhede gehou is. Ek het met die bandiet wat daarin gewerk het, op 'n goeie voet geraak en saam met die sigarette wat ek gereeld in die sel ingesmokkel het, was ook altyd twee vir hom. Elke middag as ons uitgaan vir oefening, bring hy dan skelmpies vir my twee addisionele komberse en plaas dit by myne. In die môre as ek moet gaan was, kom haal hy hulle weer en plaas hulle terug in die stoor. Sy twee sigarette lê dan ook daar. (Dit is wanneer ons gaan was dat bandiete ons selle uitvee en die vloere opvryf). Gedurende die dag, as dit mag gebeur was die voorrade gedaan word, was die komberse dus nie weg nie, en snags het dit verhoed dat ek totaal verys.

Hierdie bandiete het voorwaar nie 'n gemaklike lewe nie. Hulle kry niks behalwe gekookte mielies nie, en word ook gou baie skraal in die tronk. Die reëls is baie veeleisend en hulle behandeling baie kras, maar hulle kan nie daaroor kla nie want hulle is tog maar in die hande van die bewaarders en dit sal nie veel help om hulle aan te kla nie.

Ek kon egter eendag nie anders as om op te kom vir een van hierdie bandiete nie. Die bandiet het een of ander ligte oortreding begaan, en het daarvoor vyf houe met die kats gekry. Ek was toevallig by toe die bandiet weer terugkom om aan die betrokke bewaarder terug te rapporteer. Dié wou toe eers die houe sien. Die bandiet ontbloot hom en daar lê die houe, een na die ander, so presies ewe ver van mekaar asof hulle eers gemeet is. Elke hou het gebloe en was opgehewe. Die bewaarder pluk toe ook nog sy knuppel uit en gee die bandiet 'n geweldige hou met die handvatsel-riem, (wat agt duim lank is en om die arm geaak word om te verhoed dat die knuppel sou uitglip).

Die bandiet spring regop en gee 'n skree van pyn, maar die bewaarder lag heerlijk. Ek kon nie anders as om my opinie van hierdie bewaarder sonder aarseling aan hom te gee nie. Hy kon niks sê nie, want hy het geweet hy het verkeerd gedoen. Dat die tronkregulasies geensins slap is nie, is wel deeglik te verstaan, maar om behae te skep in wreedhede, en dié nog boonop self te pleeg, is net so verfoeilik as die daad wat die misdadiger self gepleeg het, indien baie erger nie.

KOFFIE-GRAPPIES

Ons het baie grappies in die tronk gehad:

Later is ons toegelaat om koffie asook allerhande ander eetware te koop met die geld wat

ons O.B.-vriende vir ons gestuur het, om ons karige rantsoen 'n bietjie aan te vul. Ek is elke môre, net nadat ons gaan was het, toegelaat om in die eetkamer te bly om die koffie te maak. Ek skink dan elkeen s'n in, deel die suiker en ander eetware uit, en dan word dit na die selle gedra.

Omdat my vriend, Dries, nou nie eintlik 'n besonder lang kêrel is nie, maak ek egter sy beker nie heeltemal vol nie. Gou-gou laat hy vra hoekom die bekertjie dan so leërig is, en laat ek hom weet dat ek syne nie kan vol maak nie aangesien hy daarin mag val en verdrink. Daar hy my toe egter die versekering kon gee dat hy goed kan swem, het ek daarna maar syne ook vol gegooi!

Ons is elk maar net een bekertjie koffie toegelaat. Een môre vra ek egter of iemand nog koffie wou hê. Dries en Schalk wou dadelik nog hê. Ek stuur toe 'n bekertjie moer en flou koffiewater vir hulle, en sluip agterna om te sien wat gebeur. Dries het die poets gou agtergekom en gee toe maar die „koffie” vir Schalk, wat ewe gretig drink. Toe hy agterkom dat dit water en moer is, was hy egter ietwat ontevrede, en het gereken dat dit nie tuisshoort in die verdrukking waarin hy verkeer nie!

Meer Grappies

Die baddery was maar erg onaangenaam in die winter in die yskoue water onder die oop stortbad, behalwe vir Dries wat elke môre sesuur daaronder inspring het. 'n Mens is dus baie bly as jy al begin afdroog en die hitte kom so stadiggaan terug in jou lyf. Dis dan wat een van jou vriende stilletjies wegsluip en met 'n hand sand jou wil kom help afdroog. Dit

WERF JY INTEKENAARS OP VUURSLAG?

het my al 'n paar maal oorgekom, en niteenstaande dat ek die hulp vriendelik van die hand gewys het, het dit telkens maar weer gebeur.

Ek sit toe eendag my stukkie seep mooi reg en wag vir die hand sand. Toe dit kom, blaker ek ou Boeta met die seep op die been, maar ek het darem nie geweet dat seep so hard gooi nie! Ek gee nie om om te was as dit nodig is nie, maar om so onnodig in die koue oor te bad, was na my denke te erg. Dit het ongelukkig nie die speltjie gestop nie. Die sand het later maar weer gekom, en moes ek maar weer inspring.

Eenkeer wou Dries baie graag vir my 'n briefie laat kry, maar ons kon nie bymekaar kom sonder dat die bewaarder by is nie. Ek sien hom egter staan en praat met die bewaarder, terwyl hy in sy hand agter sy rug 'n briefie vashou. Nes ek kyk waai hy die briefie vir my. Ek maak toe maar of ek ook iets vir die bewaarder wil vra, en stap agter Dries verby om aan die anderkant te gaan staan. Met die verbygaanslag vat ek die briefie uit sy hand, en vra toe maar ewe gedwee my vrae aan die bewaarder. Snaakse dinge gebeur soms voor 'n mens se oë!

(Word vervolg)

HUURWET LAAT BRITSE IMMIGRANTE HUISE VOOR UNIE-BURGERS KRY

Ingevolge die bepalinge van die Huurwet waardeur werkgewers huise aan hulle werknemers kan verhuur sonder die verpligting om dit deur bemiddeling van die Huurkontroleur te doen, slaag toenemende getalle immigrante daarin om huise te kry binne 'n paar dae nadat hulle in Suid-Afrika geland het. Unie-burgers wie se name op waglyste geplaas moet word, wag egter maande sonder enige hoop om 'n huis te kry.

Baie van die huise wat immigrante so bekom, staan egter leeg omdat hulle familie nog in Engeland is en geen passate kan kry nie.

In 'n onderhoud met die yereenwoordiger van die Huurkontroleur in Kaapstad, is aan Die O.B. verklaar dat daar op die oomblik soveel verwarring bestaan tussen die bepalinge van die huurregulasies en dié van die Huurwet, dat dit nie duidelik is hoe daar opgetree moet word nie. Die huurwet maak voorsiening dat huise op bogenoemde manier verkry kan word terwyl dit op die keper beskou bots met die bepalinge van die huurregulasies.

„VERSKEIE“

Volgens die Kaapstadse kantoor van die Huurkontroleur het daar slegs een geval in Kaapstad voorgekom waarvan hy weet waar 'n immigrant op hierdie wyse 'n huis in die hande gekry het. 'n Segsman van die immigrante se „British Overseas Club“, (‘n vereniging wat ook help om immigrante te huisves), het egter aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. verklaar dat hy weet van „verskeie“ van die lede van die klub wat op hierdie wyse huise en woonstelle in Kaapstad gekry het.

Die verwarrende bepalinge van die regulasies en Huurwet waaroor die plaaslike kantoor self geen duidelikheid het nie, bied 'n uitstekende geleentheid vir immigrante om die meer as 8,000 Kapenaars wie se name op die waglys vir huise staan, voor te spring en die bekombare huise voor hul neuse weg te gryp.

BINNE 10 DAE

Dieselfde toestand heers ook aan die Rand waar sommige immigrante nadat hulle slegs tien dae in die land was huise in Johannesburg in die hande gekry het, na die Sunday Times berig. „'n Aantal Britse immigrante in die Unie betaal die afgelope ses maande huur vir 'n leë huis of 'n woonstel! . . . Hulle is nie in staat om die huise en woonstelle te meubileer wat hulle in die hande gekry het nie“, skryf die blad. Die blad kla verder dat die belofte aan baie immigrante dat hulle families hulle spoedig sal volg, nie nagekom word nie en dat baie nou twee huise moet onderhou — 'n leë een in S.A. en 'n gemeubileerde een in Engeland.

Die blad haal 'n aantal voorbeelde in Johannesburg aan:

„Mnr. John Milligan, 'n skilder, wat op 19 Mei in Suid-Afrika aangekom het, het op 29 Mei bewys gelever dat hy

'n woonstel vir homself en sy familie gekry het“. Die woonstel staan nog leeg omdat sy vrou nog nie hier is nie.

„Mnr. C. Booth, 'n skrynwerker, het op 15 Maart in Johannesburg aangekom, en teen die

Woningnood Al Groter

Daar wag tans in Johannesburg 12,364 gesinne op huise, volgens 'n verklaring van die huurbeheerraad. Die raad het verlede maand 'n rekord aantal aanseke om huise ontvang, nl. 1,755. Tot dusver het die gemiddelde getal aanseke per maand gewissel van 900 tot 1,000.

Verlede maand is slegs 180 woonstelle en 197 huise vir toekenning aan die huurkontroleur oorhandig.

end van Junie het hy bewyse na Londen gestuur dat hy akkommodasie vir sy vrou, twee kinders en skoonmoeder gekry het.“

NASIONALE HUIS

Dieselfde geld ook vir ene H. Durno, 'n werktuigkundige, wat tydens Maart na Suid-Afrika gekom het. „Hy het 'n nasionale huis waarvoor hy elke maand huur betaal en is bang dat dit van hom weggeenem sal word omdat hy alleen daarin woon“, skryf die blad verder.

Die Huurkontroleur is onlangs met mag bekleed om leë huise te kommandeer. Verlede week is in Pretoria op 12 huise wat leeg gestaan het, beslag gelê. Mens vra jouself af waarom daar nie ook op hierdie leë huise wat die immigrante vir hulle families hou wat nog oorsee is, beslag gelê word nie.

Inmiddels is die huistekort aan die Rand en Kaapstad so erg dat honderde mense se name op waglyste staan sonder hoop om 'n huis te kry, en baie in motorhuise en kamertjies saam gehok sit.

TURKYE gebruik die meeste van sy Amerikaanse krediet van ongeveer £25,000,000 vir die aankoop van nuwe wapens, het 'n woordvoerder van die Turkse generale staf verklaar. Die bewapening het veral ten doel om die Dardanelle te beskerm. Intussen word die Britse leër in Irak maandeliks versterk. 'n Botsing oor olie staan moontlik voor die deur.

„Die O.B.“ word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Op 3 September 1939 het Brittanje oorlog aan Duitsland verklaar met die doel om Duitse mededingers op die wêreldhandel vir altyd uit te skakel. In 1945 het Brittanje ooreengekom met Rusland en Amerika om alle groot fabriekke in Duitsland af te breek en sy staalproduksie tot 'n minimum te beperk. Vandag betaal Engeland £100,000,000 per jaar vir Duitse onderhoud en laat hy die Duitse staalproduksie weer opskuif na die vooroorlogse peil.

Tot watter nut was die oorlog vir Brittanje en Suid-Afrika?

V.S.A. DREIG RUSSE MET KRAGMONSTERING; OOK BETER ATOOMWAPENS

'n Dreigende gebrom teen Rusland en selfs versoeke om hom uit die besette deel van Duitsland te jaag as hy nie gehoor gee aan die beroepe om saam te werk nie, het die afgelope week uit die V.S.A. gekom as antwoord op die nuwe internasionale aktiwiteite van die Kommuniste.

James Byrnes, voormalige Amerikaanse minister van buitelandse sake, verklaar in sy boek wat die afgelope week gepubliseer is dat Amerika beter en meer atoombomme moet vervaardig, en Rusland met geweld geantwoord moet word. „Rusland se uiteindelijke doel is om Europa op een of ander manier te oorheers.“ As Rusland voortgaan om die saamwerkings pogings te boikot moet hy van alle voordele wat die vredesverdrag bied, uitgesluit word en as Rusland weier om sy troepe uit Duitsland terug te trek moet hulle met geweld terug gedryf word, het Byrnes verklaar.


WIL NIE HELP

Op dieselfde dag het Harri-man, voormalige Amerikaanse gesant in Rusland en tans minister van handel, planne om die nuwe Kommunistiese bedrywighede teen te gaan, aangekondig. Hy het gesê dat Rusland van voorneme is om die herstel van alle Europese lande te dwarsboom. „Hulle is vasberade om die bestendiging van ordentlike lewenstoestande in daardie plekke onmoontlik te maak omdat hulle besef dat chaos en wanorde 'n toestand skep wat bevorderlik is vir hulle magsoorname.“

„Dit is noodsaaklik dat ons

sterk genoeg moet wees om in ons regstreekse veiligheidsbehoefte te voorsien en ons internasionale verpligtinge na te kom. 'n Kragtige Amerikaanse

om die lewe van almal te reël en te beheer. Hy het nie die naam van Rusland direk genoem nie, maar dit was duidelik na wie hy verwys het.



MARSHALL

lugmag sal veral die sterkste afskrikmiddel vir die ambisies van agressors wees“, het Harri-man verklaar toe hy na die militêre mag van Amerika verwys het.

Ook George Marshall, die huidige Amerikaanse minister van buitelandse sake wat Byrnes opgevolg het, het 'n dreigende houding teenoor Rusland ingeneem. Die toestand waarin Europa vandag verkeer, stel die Amerikaners voor die gevaar van die verdwyning van die Westerse beskawing, het hy gesê.

Die alternatief op die verstandhouding dat elke volk sy eie politieke en ekonomiese bestaan reël, is die diktatuur van klein groepies manne wat aan hulself die mag toegeken het




BYRNES

Amerika moet feite onder die oë sien en kan nie afsydig staan nie. Dit is 'n hoogs kritieke tydperk en die toestand raak elke Amerikaner, het hy gesê.

Vroue Se Aandeel

Onmisbaar in die stryd van ons volk is die Afrikanervrou. 'n Afdeling van die vrouekommando, in hul netjiese wit rokke, wat aan die optog deelgeneem het, word hier gesien. Vooraan is die vaandel van die Pretoriase Wawel-kommando.



O.B.-DAG

word gevier op

GROBLERSHOOP

Saterdag, 1 November

1947

SPREKER:

Hoof-Genl. MAX SMUTS

ALMAL WELKOM